



REËLS EN REGULASIES

KAMMALAND wil graag net die beste diens lewer aan u en u kind en daarom vra ons mooi: Lees asseblief die volgende informasie en bêre op 'n veilige plek. Gee ons gerus 'n luitjie of kom loer in by die skool indien u enige navrae het.

OUERDOM:

NASORG VIR LEERDERS TOT EN MET GRAAD 7

FOOIE:

REGISTRASIE FOOIE vir nuwe inskrywings: R150 betaalbaar saam met inhandiging van inskrywingsvorm.

REGISTRASIE FOOIE vir herinskrywing : R50

Hierdie fooie is nie terug betaalbaar nie.

Foosie is oor 'n jaar uitgewerk en die bedrag is in 12 eweredige paaieimente verdeel. Foosie is 'n maand vooruitbetaalbaar en rente van 5% op die uitstaande bedrag sal gehêf word indien dit nog nie betaal is teen die 7de van 'n maand nie. Indien die paaieiment nog steeds uitstaande is teen die 15de van die maand sal u kind toegang tot die nasorg geweier word.

Let asb op die volgende:

- Die skool sluit vir ongeveer 3 weke gedurende Desember en Januarie.
- Normale maandelikse foosie is betaalbaar gedurende hierdie tyd en geen afslag word gegee nie. (Datums sal later in die jaar verskaf word)
- Geen terugbetalings vir enige afwesigheid word onderneem nie.
- Januarie foosie betaalbaar voordat die nasorgl amptelik in Januarie begin.
- Gebreekte vensters, ligte ens moet vervang word deur die skuldige se ouers/voogde.
- Elke kind by Kammaland moet uitgeteken word deur die persoon wat hom/haar kom haal. Geen uitsonderings soos "Mamma is laat. Wag vir my by die hek" nie.

Betalings deur middel van EFT se verwysings is die kind se naam en van. Om veiligheidsredes word geen kontant by die nasorg gehou nie.

**BANKBESONDERHEDE: MCDE INVESTMENTS (PTY) LTD T/A KAMMALAND LORRAINE.
BIDVEST BANK, TAKKODE: 462005, REKENING NR: 565 741 5401**

DOKUMENTE BENODIG SAAM MET INSKRYWINGSVORMS:

Ons benodig afskrifte van die volgende dokumente asb:

ID van ouers/voogde

Mediese skema kaart

Kind se geboortesertifikaat

(Met **herinskrywing** is bogenoemde onnodig.)

KENNISGEWING:

Verskaf asb 'n kalender maand se geskrewe kennisgewing voor u kind die nasorg verlaat. Ouers wat hul kinders uit die nasorg haal sonder enige geskrewe kennisgewing, is nog steeds verantwoordelik vir die nasorgfooie tot 'n geskrewe kennisgewing ontvang is by die nasorg. Geen kennisgewing word aanvaar na die 1ste Oktober van elke jaar nie.

KLEREDRAG:

Klere moet gemaklik wees. Merk skoolklere, trui en skoene duidelik. Die kind se tas moet groot genoeg wees om alle persoonlike besittings in te hou. Onthou die sonbrandroom en 'n hoed vir die somer.

SPORT:

Lig ons asseblief in oor u kind se sportrooster aan die begin van elke nuwe sportseisoen. Ons het veral nodig om te weet watter sport ons Graad R – 3 kinders aan deel neem aangesien ons hulle moet skool toe neem en gaan haal. Ons wil seker maak dat alle kinders betyds by hul sportspel aanmeld. Selfs al is u kind in Graad 4 – 7 wil ons graag weet wanneer hulle by nasorg gaan wees sodat ons hulle kan af merk in ons register.

AFWESIGHEID:

Indien u kind nie nasorg gaan bywoon nie (hy/sy is miskien siek by die huis of is vroeg huis toe), lig ons asseblief daarvoor in. Ons mors baie tyd om vir kinders by die skool te soek en dan vind ons uit hulle is vroeg huis toe. Hierdie is veral op toepassing op Graad R – 3 wie ons by die skool gaan haal. Selfs al is u kind in Graad 4 – 7 het ons nodig om te weet indien hulle nie nasorg gaan bywoon nie, sodat ons 'n nota in ons register kan maak. Ons wil seker maak dat al ons kinders veilig is.

SPEELGOED:

Indien u kind speelgoed saambring smiddae, is dit op eie risiko en as dit onmin veroorsaak, sal dit gekonfiskeer word.

DISSIPLINE:

By Kammaland word die kinders baie besig gehou, maar soms is dit wel nodig om meer kalmte te bring indien daar konflik is tussen die kinders. Ons het 'n stilte hoekie waar kinders moet afkoel vir so ±5 minute afhangende van hul ouderdom.

Indien kinders beledigend of vandalisties is, sal die ouers gekontak word en 'n waarskuwing ontvang. Na 3 waarskuwings sal die kind nie meer toegelaat word by die nasorg nie.

BENODIGHEDE:

Almal moet die volgende nasorg toe bring gedurende JANUARIE en JUNIE:

2 SWART SAKKE

4 ROLLE TOILETPAPIER

1 BOTTEL DOMESTOS

STUUR ASSEBLIEF 'N POTLOOD VIR HUISWERK. DANKIE!!